Twee sukses stories van volharding en geduld



BAMBISANE Boerdery. VLNR: Anton Reinecke (CFP), Asanda Mona, ML Geldenhuys, Tommy Mona, Charlie Bretzke (FNB) en Gielie Geldenhuys.

DWARSBERG Farming. Die aandeelhouers saam met Larry Whitfield en Kobus Koegelenberg van Oast Farm. VLNR: Larry Whitfield, Jan Muller, Andries Smit, Cyril Appollis, Mojalifa Benjamin Malangabi, Koos Wildskut, Hennie Smit (Standard Bank), Ashwin Boesak, Liza Ambraal (voorsitter), Koos Koopman, Barend Mentoor, Fumanekile Ngqaza en Kobus Koegelenberg.

GRONDHERVORMING - twee sukses stories van volharding en geduld.

Tommy Mona en Gielie Geldenhuys het vir meer as vier jaar uitgesien na die dag waarop Bambisane 'n eienaar kan word van die plaas Slangfontein.

Tommy Mona is 'n bekende Ceres gemeenskapsleier met 'n passie vir boerdery en Gielie Geldenhuys - 'n ervare suksesvolle vrugte- en veeboer in die Theronsberg-area.

Beide het by PALS aangesluit en die wens uitgespreek dat hulle gehelp moes word om 'n vennoot te vind met besonderse leier-eienskappe en integriteit.

Hulle is aan mekaar voorgestel en het kort daarna besluit om in vertroue saam 'n nuwe PALS landboubesigheid, naamlik **Bambisane Boerdery** te stig en aansoek te doen vir die onderverdeling van Slangfontein.

Nie-nagekome beloftes deur regeringsamptenare het die implementering van Bambisane se nuwe boerderybesigheid eindeloos vertraag. Sedert 2015 is talle beloftes eenvoudig verbreek.

Ondanks die frustrasie en vertragings het Tommy en Gielie bymekaar gestaan, moed gehou en uiteindelik op Mandeladag 18 Julie mede-eienaars geraak van hul nuwe 1009 hektaar plaas.

Bambisane met 51% swart aandeelhouding, gaan nou voluit met vrugte en vee boer en het reeds voorbereidings getref vir verdere aanplantings.

Die volgende geslag Asanda Mona en ML Geldenhuys, het ook deelgeneem aan die oorhandigingseremonie op 18 Julie. Bambisane se aandeelhouers het hul dank aan FNB, CFP en Cassidra vir finansiële ondersteuning om hierdie boerderybesigheid te implementeer.

Dwarsberg Farming

Dwarsberg Farming se aandeelhouers het op 18 Julie tydens die PALS jaarvergadering hulle aandeelsertifikate en titelakte van die plaas ontvang.

Die tien aandeelhouers het met die hulp van Larry Whitfield van Oast Farm, die buurplaas Dwarsberg, gekoop. Saam word daar hard gewerk om die 77 hektaar plaas te ontwikkel in 'n volhoubare vrugteplaas.

Een van die groot uitdagings is nou om voldoende finansiering te bekom vir die vestiging van nuwe boorde.